SRA
JONKERSHOEK

# NUUS / NEWS

Vol 2 Nr 5

24 Augustus / 24 August 2016

## Jongste nuus oor die kameranetwerk

Vroeg in Mei vanjaar was daar 'n realistiese verwagting dat die meerderheid sekuriteitskameras teen die einde van Junie geïnstalleer sou wees, soos in Junie in die Jonkershoek SRA Nuus gerapporteer. Die plaaslike verkiesing het egter daartoe gelei dat dit nie vir die Stellenbosch Raad moontlik was om die installeringspunte wat vir die kameras in openbare ruimtes vasgestel is, goed te keur nie. Ten spyte van hierdie vertraging was dit tog moontlik om 24 kameras te installeer en in 'n netwerk met die beheerkamer te verbind. Die beheerkamer by die Universiteit Stellenbosch is volledig heringerig en sal ten volle operasioneel wees teen die tyd dat die kameras gereed is.
Verder het die internet netwerkmaatskappy Snowball begin met die installering van die netwerk-koppelings van die verskillende kameras wat alreeds geïnstaller is, sowel as die vier bedieners wat die inligting van hierdie kameras ontvang. Hierdie koppelings sal spoedig voltooi wees en onder beheer van die beheerkamer staan. Die verskillende nommerplaat-lees kameras by die hoofingange van die woonbuurte sal nou in samewerking met die Stellenbosch Munisipaliteit geïnstalleer word.

## Samewerking van die lede

Aktiewe deelname deur lede van 'n gemeenskapsorganisasie soos die Jonkershoek SRA vorm 'n onmisbare onderdeel van die veiligheidsmaatreëls. 'n Duidelike illustrasie hiervan was die suksesvolle opsporing van twee vermiste persone in die Jonkershoek SRA-gebied. Dit is moontlik gemaak deur lede se betrokkenheid by WhatsApp-groepe. In die een geval is 'n beskrywing en 'n foto van die vermiste dame deur een van die WhatsApp-groepe versprei. 'n Oplettende wag het hierdie inligting verbind met 'n persoon wat hy in die Botmaskopomgewing opgemerk het. Dit blyk toe die vermiste persoon te wees, wat sodoende met haar familie herenig kon word.

## WhatsApp-groepe: onmisbare JSRA instrumente

Vroeër het inligting soms baie lank geneem om te versprei. Moderne tegnologie, soos WhatsApp, maak dit moontlik om vinnig met mense te kommunikeer en inligting onmiddellik te versprei. Hierdie kommunikasie funksioneer ten beste as die gebruikers sekere riglyne gehoorsaam.

## Camera Update

In early May this year all indications were that most of the security cameras would be installed by the end of June, as reported in the Jonkershoek June News. The local elections, however, resulted in the Stellenbosch Council not being able to approve the instillation sights allocated to cameras in public open spaces.  Notwithstanding this hindrance 24 of the cameras have been installed and are ready to be networked to the control room. The control room at Stellenbosch University is fully refurbished and will be fully operational when the cameras are in place.
In addition the internet network company Snowball has commenced installation of the network links of the various cameras already installed plus the 4 servers to which these cameras feed. These links will be in shortly and working into the control room. The various main entrance Number Plate Recognition Cameras will now be installed in partnership with the Stellenbosch Municipality.

## Members' Participation

An essential ingredient in the success of safety measures in a citizen organisation such as the Jonkershoek SRA is the active participation of its members. This was admirably illustrated by the successful tracing of two missing persons in the Jonkershoek SRA area through members' participation via the WhatsApp groups. In the one instance the description and picture of a missing lady were posted on one of the WhatsApp groups. An observant guard linked these with a person he saw in the Botmaskop area. It in fact was the missing person who was thus reunited with her family.

## WhatsApp groups: essential JSRA tools

Modern technology, such as WhatsApp, offers instant communication and information not previously available or that took long to send. It works best when users observe guidelines. The Jonkershoek SRA WhatsApp groups were originally formed primarily for reporting on crime, and crime-related incidences. As some people started to use these for the exchange of social news, it was decided to cater for both security and social needs. There now are five security sub groups (the Watch Groups) and three social groups. To further enhance the effectiveness of the security groups the Watch Groups are monitored around the clock by Stellenbosch Watch.

Die Jonkershoek SRA WhatsApp-groepe is aanvanklik gevorm om misdaad en misdaad-verwante voorvalle te rapporteer. Aangesien sekere mense dit begin gebruik het om sosiale nuus te versprei, is besluit om dit te gebruik vir veiligheids- sowel as sosiale behoeftes. Daar is tans vyf veiligheid-subgroepe (die Waakgroepe) en drie sosiale groepe. Om die effektiwiteit van die Waakgroepe te bevorder, word hulle deurlopend deur Stellenbosch Wag gemonitor.

## WhatsApp riglyne

Hou die boodskap kort en gefokus; soos die voorval ontwikkel kan daar later meer detail bygevoeg word. Byvoorbeeld: "Verdagte voertuig waargeneem tussen Endler- en Morkelstraat, onderweg na Jonkershoekvallei. Wit Toyota Tazz met rooi strepe, registrasienommer CA 77887, met twee wit mans as insittendes – kom baie verdag voor." Hierdie is 'n uitstekende eerste kennisgewing wat die essensiële inligting bevat. Hier volg nou algemene WhattsApp-riglyne:

**MOETS:**
- Verdagte voertuie: Eerste prys – skryf die registrasienommer neer. Let op die fabrikaat, kleur en enige onderskeidende kenmerke. Let ook op die aantal insittendes en die rigting waarin die voertuig gery het.
- Verskaf die presiese adres of posisie van die misdaadverwante voorval.
- Vermeld die aantal verdagtes sowel as inligting waardeur hulle geïdentifiseer kan word.
- Lig die groep in oor wanneer die insident plaasgevind het en hoe dit hanteer is.

**MOENIES:**
- Moenie vloek- of skeltaal gebruik nie en moenie beledigende opmerkings maak nie.
- Vermy godsdienstige of politieke verwysings.
- Moenie oneerbiedige opmerkings oor mense, wetstoepassers, veiligheidsagentskappe, ens. maak nie – ons moet met hulle saamwerk.
- Vermy rusie of meningsverskille – hou meningsverskille weg van die groep af.
- Beperk die gebruik van mense se name en identiteit/foto's. 'n Uitsondering hierop is die beskikbaarstelling van inligting wat 'n positiewe uitkoms van die insident kan verseker, soos om 'n verdagte persoon se naam te noem.

Laastens, gebruik jou gesonde verstand! (As te veel glimlag-gesiggies en opmerkings gestuur word, sal mense voel dat hulle met irrelevante geruis oorlaai word en die groep verlaat.) Dit is die reg en verantwoordelikheid van die administrateur van veiligheids- en sosiale groepe om mense te adviseer as hulle hierdie media verkeerd gebruik. Onder sekere omstandighede kan 'n administrateur 'n gebruiker vir 'n tydperk uit die groep verwyder.
Bel vir Hilko Hegewisch by 082 7889 505 vir navrae oor die WhatsApp-groepe. Indien u nie toegang het tot WhatsApp nie, kan u asb Belinda Hattingh by manager@jonkershoeksra.co.za in kennis stel.

## WhatsApp guidelines

Keep the message short and to the point, one can always add more detail as the incident progresses – for example: "Suspicious vehicle seen in Martinson Road between Endler str and Morkel str, driving towards Jonkershoek Valley, White Toyota Tazz with red stripes, Reg no CA 77887, 2 white males inside vehicle and reason for suspicion".
This is a great first notification, it contains the essentials. Here follows general WhattsApp guidelines:

**DO's:**
- Suspicious vehicles: first prize - write down the registration number. Note the make, colour and any distinctive markings. Also the number of occupants and the direction in which the vehicle drove off.
- Provide the precise address or location of the crime-related incident
- Provide the number and description of the suspect(s)
- If and when the incident has been dealt with, please advise the group.

**DONT's:**
- Do not use swearing, offensive language or rude remarks
- No religious or political matters
- No disrespectful comments about people, law enforcement, security providers, etc. – we need to work together
- No fights or disagreements – take the disagreement out of the group
- Try to limit the use of people's names and identities/photographs. An exception is the sharing of information that is critical to ensure a positive outcome of the incident, e.g. the naming of the suspicious person.

Lastly, use common sense! (If too many smileys and comments are posted, people will feel overloaded with irrelevant noise and leave the group). It is the right and duty of the administrator of all the security and social groups to advise people who use these channels incorrectly. In certain instances the administrator may remove a user for a period.
Phone Hilko Hegewisch at 082 7889 505 for inquiries about the WhatsApp groups. Please inform Belinda Hattingh at manager@jonkershoeksra.co.za if you do not have access to WhatsApp.

## Jonkershoek SRA Inisiatiewe

Die vestiging van ons SRA kry momentum soos wat ons SRA bestuurder, Belinda Hattingh, met haar bestuurservaring tot die proses bydra. Die aantal inisiatiewe wat geloods word om ons buurt te verbeter is 'n goeie illustrasie hiervan. Hierdie verbeterings is nie beperk tot veiligheid en sekuriteit nie, maar sluit inisiatiewe in om waarde toe te voeg tot ons leef- en ontspanningsareas.
Voorbeelde van hierdie inisiatiewe is:

- Nagligte. In reaksie op Jonkershoek SRA se versoek het die munisipaliteit ligte geïnstalleer by Heresingelpark in Simonswyk, wat dit snags 'n veiliger plek maak.Identifisering van meterlesers: Meterlesers van die Stellenbosch Munisipaliteit dra nou identiteitskaarte. Hierdie kaarte het die logo van die munisipaliteit op, sowel as 'n foto en identiteitsnommer van die werknemer. Op die agterkant is die kontakdetail en waarmerk van die munisipaliteit.
- Vrouedagviering: Belinda Hattingh (Jonkershoek SRA bestuurder) en Adj-offisier Marco Nel (ons SAPD seksiebestuurder) het 'n voertuig kontrolepunt in Martinsonstraat georganiseer, waar hulle pamflette met veiligheidswenke uitgedeel het, sowel as rose vir vroue-bestuurders ter viering van Vrouedag.
- Heining van Voortrekkerlaer: 'n Gat in die heining tussen die Voortrekkerlaer in Simonswyk en die naburige huise het dit moontlik gemaak vir mense om deur die heining na die woonbuurte te slenter. Die SRA het 'n heining opgerig om hierdie gat toe te maak.
- Veiligheidnetwerk vir Huiswerkers: 'n Werkwinkel is vir huis- en tuinwerkers in Rozendal aangebied om hulle te help om potensiële misdaad-verwante insidente te identifiseer en hulle te leer wat om te doen as dit voorkom. Hierdie program, wat in samewerking met Adj-offisier Nel van die Stellenbosch SAPD gedoen is, gaan nou in ander omgewings ook aangebied word. Verwys na Belinda se Hoekie hieronder vir inligting oor deelname.
- “JSRA Veiligheidswag van die maand”. Ter erkenning van flinke en effektiewe optrede, spanwerk, netheid en die 'loop van die ekstra myl' wys die Jonkershoek SRA maandeliks in sy personeel 'n 'Veiligheidswag van die Maand' aan. Hierdie personeellid ontvang 'n koopbewys. Die wenner in Meimaand was mnr Isaac Sombujana en in Junie en Julie was dit mnr Ghalieb Bickerstaff. Ons wens hulle albei geluk!

Die Jonkershoek SRA Veiligheidsoffisiere was verantwoordelik vir 'n aantal arrestasies oor die afgelope drie maande. Hulle het ook by verskeie geleenthede gehelp om gesteelde artikels terug te kry. By een so 'n huisbraak is die waarde van die gesteelde goedere op R50 000 geskat.
'n Ander inisiatief, deur die Stellenbosch Wandelpaaiefonds, het uitstekend bygedra tot die ontspanningswaarde van ons buurte. Hierdie inisiatief, wat onafhanklik van die SRA begin het, is daarop gerig om die natuurlike omgewing van Stellenbosch te verbeter en te verfraai. Dit sluit die bou van behoorlike wandelpaaie, fietsroetes en roeteaanwysers vir bergfietsryers, hardlopers en stappers in. Langs die Eersterivier het hulle die rivierwalle skoongemaak en identifikasieplaatjies teen die bome langs die fietsroetes aangebring. Ons bedank graag die mense wat hierby die inisiatief geneem het. Lees meer hieroor by: http://www.stellenboschtrailfund.co.za

## Jonkershoek SRA Initiatives

The establishment of our SRA is starting to find traction as Belinda Hattingh, our SRA Manager, is adding her management experience. The number of initiatives launched to improve our neigbourhood illustrates this. These improvements are not only related to safety and security, but they also include those that add value to our living and recreational spaces.
Examples of these initiatives are:

- Night lights. In response to the Jonkershoek SRA's request the Municipality put lights up at the Heresingel Park in Simonswyk, making it a safer place at night.
- Identification of meter readers. Meter readers of the Stellenbosch Municipality now carry identity cards. These have the logo of the municipality, picture and ID number of the employee and contact details and confirmation at the back.
- Woman's Day celebration. Belinda Hattingh (Jonkershoek SRA Manager) and WO Marco Nel (our Section Manager) organised a Vehicle Check Point in Martinson Street where they handed out pamphlets with safety tips and a rose to lady drivers, in support of Woman's Day.
- Voortrekker Hall Fence. A gap between the Voortrekker Hall in Simonswyk and the neighbouring houses allowed people to loiter through into our suburbs. The SRA erected a safety fence that has filled this gap.
- Domestic Employees Safety Network. A workshop was held to inform domestic workers and gardeners in Rozendal how to identify potential crime-related incidents and what to do when these occur. This program, done in conjunction with WO Nel from Stellenbosch SAPS, is now going to be rolled out in other areas. See BELINDA's Corner, below on how to participate.
- “JSRA Security member of the month”. In recognition of swift and effective action, teamwork, neatness and for “going the extra mile” the Jonkershoek SRA management selects a monthly winner from its staff. The Member of the Month receives a shopping voucher. In May the winner was Mr Isaac Sombunjana. Mr Ghalieb Bickerstaff was the winner in both June and July. Congratulations to both of them.

The Jonkershoek SRA Security Officers have been responsible for a number of arrests over the previous three months and have helped in numerous instances with the retrieval of stolen property – in fact it is estimated that a total of R50 000 worth of goods were retrieved at one housebreaking incident.
Another initiative, by the Stellenbosch Trail Fund, has added wonderfully to the enjoyment of our neighbourhood. This initiative, started independently from the SRA, aims to improve and beautify the natural environment of Stellenbosch. It includes the building of proper routes, trails and directional signage for mountain bikers, runners and hikers. Next to the Eerste Rivier they cleaned up the riverbanks and added identification labels to the trees next to the cycle routes. We compliment those involved with this initiative and thank them. Read more at: http://www.stellenboschtrailfund.co.za

# Belinda se hoekie

Jonkershoek SRA Nuus/News stel hiermee, met die ondersteuning van die SRA Raad, 'n gereelde platform bekend vir ons bestuurder, Belinda Hattingh, om raad te gee en, waar nodig, versoeke van ons lede bekend te stel.

- Rapporteer asseblief! Rapporteer asseblief alle misdaad en insidente aan die Jonkershoek SRA en die SAPD. Sonder hierdie inligting is dit nie moontlik om 'n realistiese prentjie te vorm van hoe suksesvol ons pogings is om misdaad te bekamp nie. As en waar verdagtes gearresteer word, moet daar asseblief 'n klag by die SAPD ingedien word. Sonder dit is 'n vervolging nie moontlik nie.
- Wenke vir die veiligheid van kinders: Ons het 'n aantal praktiese wenke vir die veiligheid van kinders op ons webblad geplaas by www.jonkershoeksra.co.za . Ouers (en grootouers!) moet asseblief daarna kyk.
- Tuingereedskap en boumateriaal word geteiken: Baie inwoners het 'n alarmstelsel wat gekoppel is aan 'n reaksiediens. Wanneer tuingereedskap, toerusting en boumateriaal wat buite gelaat word, gesteel word, gaan die alarmstelsel nie noodwendig af nie. Maak asseblief seker dat sulke toerusting veilig gebêre word.
- Sigbare straatnommers: Met die oog op blitsvinnige reaksie by 'n misdaadtoneel is dit noodsaaklik dat 'n adres maklik gevind moet kan word. Maak asseblief seker dat jou huisnommer duidelik sigbaar is.
- Huiswerkers Veiligheidsnetwerk Werkwinkel: Die volgende Veiligheidswerkwinkel word beplan vir 31 Augustus 2016 om 10:00. Dit word by Hoërskool Stellenbosch gehou. Lede van die Jonkershoek SRA wat geïnteresseerd is, word vriendelik versoek om hulle huiswerker of tuinwerker voor 28 Augustus in te skryf. Stuur asseblief die werker se naam per e-pos vir my by manager@jonkershoeksra.co.za. Ons het die inligting nodig vir sertifiserings- en spyseniering-doeleindes.
- Misdaad Bulletin: Gereelde misdaadbulletins sal met 'n afsonderlike dekblad gesirkuleer word. Die doel is om inligting oor misdaadverwante insidente in die Jonkershoek SRA-gebied te rapporteer en om kenners se advies oor die bevordering van veiligheid en sekuriteit met lede te deel.

ONTHOU

## BELANGRIKE NOMMERS!

Patrollievoertuig **082 832 3303**

Beheerkamer **021 886 8976**

# Belinda's corner

Jonkershoek SRA Nuus/News, with the backup of the SRA board, herewith introduces a regular platform for our Manager Belinda Hattingh to give advice and requests for assistance from our members, where and when needed.

- Please report! Please report all crimes and incidents to Jonkershoek SRA and the SAPS. Without this, it is not possible to get a true picture of how successful our actions are to combat crime. If and where suspects have been arrested, please lay a charge with SAPS. Without this a prosecution is not possible.
- Tips for child safety. We have placed some practical tips for child safety on our website www.jonkershoeksra.co.za . Parents (and grandparents!) please look this up.
- Tools, materials targeted. Many residents have home alarms linked to a response service. However, when garden tools, equipment and building material that are left outside on a property are stolen the alarm won't necessarily go off. Please lock such items away.
- Visible street numbers. It is essential for quick response to a crime scene that the location can easily be found. Please make sure your house number is visible.
- Domestic Employees Safety Network workshop. The next Safety workshop is planned for the 31st of August 2016 at 10h00. The venue: Stellenbosch High School. Can all Jonkershoek SRA members interested for their domestic worker or gardener to participate please confirm with me by August 28. Please e-mail the employee's name to me at manager@jonkershoeksra.co.za We need the information for certification and catering purposes.
- Crime Bulletin. Regular Crime Bulletins are going to be circulated under separate cover. The aim is to report on crime-related incidents in the Jonkerhoek SRA area and to share experts' advice on how to improve safety and security.

REMEMBER

## IMPORTANT NUMBERS!

Patrol vehicle **082 832 3303**

Control Room **021 886 8976**